# Wat is trustees se magte en pligte?

**TERTIUS MAREE**
tertius@section.co.za



**DEELTITEL-FORUM**

Die pligte en magte van die trustees van 'n deeltitelskema is 'n onderwerp waaroor letterlik 'n boek geskryf kan word.

Hierdie pligte en magte word in 'n aantal gesagsbronne vervat. Dit sluit die Bestuurswet, Ombudswet, bestuursreëls, gedragsreëls, sowel as die regulasies tot beide wette in.

Dit is dus dan geen wonder nie dat een van die pligte wat in Regulasie 14(1)(a) tot die Ombudswet vervat word, vereis dat trustees moet toesien dat hulle opleiding ontvang en ingelig oor onder meer die wetgewing en die reëls bly.

**Dit is miskien 'n** goeie beginpunt om van die volgende beginsels kennis te neem:

**(a)** Waar ook al daar in die wet of die reëls pligte en magte aan die regspersoon opgelê of toegedeel word, beteken dit dat hierdie pligte en magte aan die trustees toegedeel word. Dít, tensy die bepaling duidelik aandui dat 'n ledebesluit of ander aksie deur die regspersoon of eienaars vereis word.

**(b)** Geen individuele trustee, onder wie die voorsitter, het enige besluitnemingsmagte nie. Waar ook al funksies aan die trustees toegedeel word, beteken dit dat dit deur die raad van trustees gedoen moet word.

**(c)** Individuele trustees mag nooit van vergaderings uitgesluit word nie, ondanks vyandighede of teenkanting ten opsigte van sake wat mag bestaan.

Die bogemelde beginsels is besonder belangrik. Om egter te demonstreer hoe kompleks bestuursake kan wees en hoe belangrik opleiding is, moet ek die uitsonderings ten opsigte daarvan uitwys.

**Wat (b) betref, bepaal** bestuursreël 21(3)(g) dat die trusteeraad by wyse van 'n trusteebesluit spesifieke funksies en selfs magte aan enkele trustees mag delegeer. Hierdie toedeling van pligte en magte moet in skrif wees en moet ook alle voorwaardes vervat wat op sodanige toekenning van pligte en magte betrekking mag hê.

Hierdie is 'n nuwe bepaling waarop goed ag geslaan en wat met versigtigheid gebruik moet word.

> **"Geen individuele trustee, onder wie die voorsitter, het enige besluitnemingsmagte nie.**

Die bepaling is ook ietwat versteek, aangesien dit in 'n artikel vervat word wat eintlik op die regspersoon betrekking het.

Ten opsigte van (c) hierbo is die verbod op die uitsluiting van 'n trustee onderhewig aan die uitsonderings wat in bestuursreëls 6(3) en 14(3) vervat word. Dit mag dalk ietwat teenstrydig voorkom.

**Die eerste bepaling verbied** 'n trustee om 'n trusteevergadering by te woon indien hy enige regstreekse of onregstreekse persoonlike belang mag hê in 'n saak wat op die vergadering oorweeg sal word.

Die tweede bepaling skryf voor dat 'n trustee nie mag stem ten opsigte van enige kontrak of dispuut waarin hy as party betrokke is – óf ten opsigte van enige ander saak waarby hy 'n persoonlike belang mag hê nie.

Jy mag dalk nou wonder waarom hierdie bepaling nodig gevind word indien die betrokke trustee in elk geval nie eens die vergadering mag bywoon nie?

Die feit dat die pligte en magte van die regspersoon deur die trustees uitgevoer moet word, word vervat in artikel 7(1) van die Bestuurswet.

Indien jy dan na artikel 3(1) kyk, sal jy sien dat die regspersoon heffings moet vasstel.

Beteken dit nou, na aanleiding van artikel 7(1), dat die heffings deur die trustees vasgestel word?

**Nee, die rede synde** dat bestuursreël 17(6) bepaal dat 'n begroting eers deur die lede op die algemene jaarvergadering goedgekeur moet word – inderdaad twee begrotings, vir die administratiewe fonds en vir die reserwefonds respektiewelik.

Daarna moet die trustees ingevolge art. 3(2) die heffings op grond van die deelnemingskwotas bepaal, toegepas op die goedgekeurde agendas.

Ten opsigte van hierdie funksie het die trustees geen diskresie of besondere magte nie.

Terwyl die taak om die heffings vas te stel waarskynlik die belangrikste plig van die regspersoon en die trustees is – iets wat elke jaar gedoen moet word – bly dit verstommend hoe dikwels foute gemaak word.

Veral by skemas waar geen bestuursagent aangestel is nie.

Die verdere pligte en magte word in al die bovermelde bronne vervat.

In die opleidingskursus wat ek tans aanbied, het ek gepoog om al die pligte te behandel en, terwyl dit talle bladsye beslaan, het ek agtergekom dat daar feitlik geen einde aan hierdie lys is nie.

**Eweseer is daar feitlik** geen einde aan die vrae wat kan ontstaan uit die betrokke bepalings nie, en dieselfde kan oor die trustees se magte gesê word.

Daar is voortdurend 'n wanopvatting dat trustees oor die vermoë beskik om tot byna enigiets toe te stem.

Dit is eenvoudig nie so nie. Trustees beskik slegs oor die bevoegdheid om toestemming te verleen ten opsigte van enkele situasies waarvoor in die wet en die reëls voorsiening gemaak word.

In my kursus het ek 'n tabel saamgestel van sodanige aspekte, en het gevind dat daar slegs nege omstandighede is waarin trustees oor die mag beskik om hul toestemming te verleen of te weier.

■ **Vir meer inligting oor Maree se opleidingskursusse, stuur 'n e-pos na louise@section.co.za.**